

SARS verwelkom uitspraak deur hooggeregshof (Gauteng provinsiale afdeling)

Tshwane, 11 November 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die uitspraak deur die hooggeregshof om ter syde te stel die verslag van die Openbare Beskermer, aangaande die "ondersoek na aantygings oor wanadministrasie, korrupsie, aankoopongeruidhede en onbehoorlike gedrag deur SARS in verband met 'n tender vir die verskaf van gespesialiseerde sagteware ontwikkeling, instandhouding en ondersteuningsdienste ter voordeel van SARS vir 'n tydperk van sewe (7) jaar".

Die sentrale bevinding in die Openbare Beskermer se verslag is dat SARS onwettig die inligtingstegnologiese dienste van BB&D, 'n verskaffer, aangeskaf het en dat SARS se optrede onbehoorlike optrede uitmaak ingevolge artikel 182(1)(b) van die Grondwet en artikel 6(4)(a)(iii) van die Wet op Openbare Beskermer.

SARS is verheug dat die hof SARS se verweer dat die bevindinge en regstellende aksie, soos bevat in die Openbare Beskermer se verslag, irrasioneel, onwettig, onredelik en onregverdig is en dat die hof die verslag ter syde stel.

BB&D het 'n sentrale rol gespeel in SARS se moderniseringsprogram, wat een van die groot suksesverhale van publieke dienslewering in die demokratiese era is. Die verslag van die kommissie van ondersoek na belastingadministrasie en- bestuur by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (die Nugent-kommissie) het bevind dat SARS in 2014 'n doeltreffende en wêreldklas IT-afdeling gehad het, met behoorlik gedokumenteerde suksesse.

Die moderniseringsprogram, wat deur voormalige kommissaris Gordhan 2004 geïnisieer is, het SARS se transformasie in staat gestel van 'n argaïese instansie, afhanklik van kommerwekkende ongerekenariseerde prosesse, verouderde rekenaarstelsels en enorme volumes papierdokumente, tot 'n instansie wat voorbrand tegnologie en elektroniese inligting gebruik om sy produktiwiteit en doeltreffendheid te verskerp.

Kommissaris Kieswetter het gesê: "Sedert 2006, het SARS gekies om 'n hibriede oplossing te gebruik, wat 'n kombinasie behels van op-die-maat-gemaakte en kommersieel van-die-rak-af stelsels, met die meerderheid daarvan wat op-die-maat-gemaak was. Dit is juis hierdie op-die-maat-gemaakte benadering om die SARS IT-platform te bou wat die fondasie gelê het wat SARS in staat gestel het om die afgelope paar jaar spoedig sy dienste aan belastingpligtiges te uitbrei. Hierdie kernvermoë was veral waardevol toe ons 'n behendige reaksie met die begin

van die covid-19-pandemie nodig gehad het. Die op-die-maat-gemaakte benadering het egter met inherente en onvermydelike aankoopuitdagings gekom".

"Die Openbare Beskermer was daarop uit om SARS aan foutering skuldig te bevind, terwyl SARS, soos openbare entiteite in ander regsgebiede, gepoog het om die voorbrand tegnologie aan te koop wat dit benodig het, met die gebruik van aankoopregulasies wat vir 'n ander doel ontwerp is. Indien daar werklik 'n probleem is, is dit nie die optrede van die openbare entiteit en beamptes, wat sukses behaal het in die modernisering van SARS, nie, maar wel die tradisionele aankoopwerkswyse wat nie met die IT-behoefte van digitale entiteite in die een-en-twintigste eeu kon kersvashou nie."

"Ongelukkig het die huidige aankoopbeleide en Nasionale Tesourie se regulasies min gedoen om grootskaalse aankoopkorrupsie te verhoed, maar in teen deel die dinamiese en behendige aankoopvereistes belemmer van 'n moderne data en tegnologie bekwame besigheidsmoedel wat SARS nastreef."

"Ek is daarom bly dat die onlangse aankondiging deur die minister van finansies dat die wetsontwerp vir openbare aankope deur die loop van 2023 ter tafel gelê sal word. Dit word voorsien dat die nuwe wetsontwerp die gekompliseerde en versmorende reëls, wat IT-aankoopprosedures belemmer, sal agter laat en die potensiaal vrystel van openbare aankope, sodat kommersiële verskaffers hul prosedures kan aanpas om die mark se behoeftes te bevredig. Dit sal SARS verder in staat stel om te volhard op sy reis jeens 'n hervoorgestelde toekomst vir die inkomste owerheid waar sy werk al hoe meer ingelig sal wees deur data-gedrewe insigte, self-aanleer rekenaars, kunsmatige intelligensie en intergekoppeldheid van mense en toestelle".

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.